

Gereformeerde Kerk Bellville – 19 Julie 2015 – oggend

Sing vooraf staande: Skrifberyming 2-2:1, 3 (34:1, 3)

- 1 Die HEER is God, 'n eenge HEER; / die HEER is God, en niemand meer. / Erken dit, alle volke,
van waar die sonlig smôrens blink / tot waar dit in die purper sink / van sagdeurglansde wolke.
Die HEER is God, want Hy formeer / die dag en nag wat wend en keer / na sy verordeninge.
Hy bring die heil en onheil voort, / hul luister na sy almagwoord – / die HEER doen al die dinge.
- 3 Wee hom wat met sy Maker twis, / wat, waar hy net 'n potskerf is, / Gods weg met hom gewraak het!
'n Erdewerk, 'n nietigheid, / kan dit sy Maker ooit verwyf / dat Hy hom so gemaak het?
Maar nee, ons buig ootmoedig neer; / ons wil die hoë hande eer / wat ons so toeberei het,
ons in die hande altyd stel, / as kinders, HEER, die werk vertel / waardeur U ons verbly het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 105:1, 2 (p. 514)

- 1 Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
en bring sover daar volke is, / sy dade in gedagtenis;
en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.
- 2 Laat almal juig met blye galme; / sing voor die HEER jul vreugdepsalme;
beroem jul in sy heil'ge Naam, / Laat almal wat Hom soek, nou saam
hul hart verenig tot sy eer / en hul verlustig in die HEER.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 99:3, 5 (p. 492)

- 3 Loof Gods mag: Hy's reg / in sy oordeelsweg; / volke 't Hy gestraf, / Isr'els reg verskaf.
Loof, verhef die HEER, / werp jul voor Hom neer; / en laat al wat lewe / voor die Regter bewel!
- 5 By U, HERE, is / daar vergiffenis, / ook al het u trou / nie hul straf weerhou.
Loof, verhef die HEER; / werp jul voor Hom neer! / Bring Hom roem en ere – / heilig is die HERE!

Gebed

Psalm 36:2, 3 (p. 179)

- 2 U goedheid, HEER, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe,
maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe.
Hoe kost'lik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming!
Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.
- 3 Van al wat leef, is U die bron; / van alle lig, die eewige son / wat afstraal in ons oë.
HEER, laat u reg en goedheid wees / oor wie opreg u ken en vrees / en steun op u vermoë:
laat trotse voet my nooit vertrap, / nóg bouse hand in ballingskap / my dwing om rond te swerwel!
Daar val die werkers van die kwaad / vir altyd in 'n jammerstaat / waarin hul magt'loos sterwe.

Skriflesing: Romeine 8:18-30; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1, Artikel 8

Kernvers: Romeine 8:29-30

**Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore
verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat
Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders; en die wat Hy
vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep
het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het
Hy ook verheerlik. (Romeine 8:29-30 AFR53)**

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 1, Artikel 8

Hierdie uitverkiesing is nie veelsoortig nie, maar een en dieselfde vir almal wat salig word, in die Ou sowel as in die Nuwe Testament. Die Skrif verkondig immers aan ons net een welbehae, voorneme en raad van die wil van God. Hiervolgens het Hy ons van ewigheid af uitverkies tot die genade, sowel as tot die heerlikheid, tot die saligheid, sowel as tot die weg van die saligheid wat Hy voorberei het, sodat ons daarin kan wandel (Efes 1:4-5; 2:10).

Tema: Daar is net één uitverkiesing ooreenkomstig God se ewige besluit

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wat het ons tot dusver geleer uit ons bestudering van die leerstuk van die uitverkiesing aan die hand van ons Dordtse Leerreëls? Ons het agtergekom dat die uitverkiesing 'n ewige besluit is wat God reeds in die ewigheid geneem het. Voor die grondlegging van die wêreld het God 'n seker aantal mense uit die ganse mensdom in Christus uitverkies. Van ewigheid af het God ook vir Christus tot Middelaar en Hoof van die uitverkorenes en tot fondament van die saligheid gestel. So het Hy ook besluit om die uitverkorenes aan Christus te gee om hulle salig te maak.

Ons Drie-enige God voer sy ewige voorneme en besluit in die tyd uit. Die ewige Seun van God is op die tyd wat God bepaal het uit 'n vrou gebore as Jesus die Christus, die eniggebore Seun van God. Onder die aanhitsing van die priesterhoofde en Fariseërs is Hy deur die heidene aan 'n kruis vasgespyker, soos die Vader dit voorbeskik het. Deur Homself so aan die Vader se wil te onderwerp, het Christus die uitverkorenes wat die Vader aan Hom gegee het, verlos. In die tyd stuur God ook verkondigers van hierdie vreugde-volle boodskap om mense tot bekering en geloof in Christus te roep. Aan die uitverkorenes gee die Heilige Gees die saligmakende geloof sodat hulle oë en ore oopgaan en hulle op die roepstem van God kan reageer. Hierdie uitverkorenes glo in Jesus Christus as hulle enigste Verlosser.

Soos ons die vorige keer gesê het, moet ons dit weer beklemtoon: Wie die uitverkiesing van onder af wil verstaan en beredeneer, gaan homself keer op keer teen die Here vasloop. Wanneer 'n mens tog volhou om die uitverkiesing van die mens se kant af te verklaar, gaan hy dinge moet uitdink waarvoor daar geen gronde in die Skrif is nie. Dit wil sê, so 'n mens gaan dinge kwytraak wat glad nie in die Bybel geskryf staan nie en buitendien ook nog teen die Woord van God is.

In artikel 8 en 9 kry ons met idees en begrippe te doen wat die Remonstrante uitgedink het buite die Skrif om omdat hulle die uitverkiesing van God van die mens se kant af wou beredeneer en verstaan. In artikel 7 bely ons breedvoerig wat die uitverkiesing is. In artikel 8 en 9 bely ons wat die uitverkiesing nie is nie. Hier in artikel 8 sê ons: ***Hierdie uitverkiesing is nie veelsoortig nie, maar een en dieselfde vir almal wat salig word, in die Ou sowel as in die Nuwe Testament.*** Die woord *veelsoortig* kom vir ons vreemd voor. Wat word daarmee bedoel? Die woord *veelsoortig* is juis deur die Remonstrante uitgedink en gebruik om hulle menslike begrip van die uitverkiesing oor te dra.

In ons Psalmboek net na hoofstuk 1 van ons Dordtse Leerreëls begin daar 'n deel wat die opskrif het: *Verwerping van die dwalings waardeur die Nederlandse Kerk 'n tyd lank in beroering gebring is.* Dit is op bladsy 81 in die groen Psalmboek. In die tweede artikel word hierdie veelsoortige uitverkiesing van die Remonstrante kortliks genoem:

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die uitverkiesing van God tot die ewige lewe is veelsoortig: die een is algemeen en onbepaal, die ander is besonder

en bepaal. Laasgenoemde val weer in twee dele uiteen: Dit is óf 'n onvolkome, herroeplike, nie-beslissende en voorwaardelike uitverkiesing óf 'n volkome, onherroeplike, beslissende en volstreckte uitverkiesing. Verder: Daar is een uitverkiesing tot die geloof en 'n ander tot die saligheid, dit wil sê daar kan 'n uitverkiesing tot die regverdigmakende geloof wees sonder dat daar 'n beslissende uitverkiesing tot saligheid hoef te wees.

Die Sinode leer: Dit is 'n versinsel van die menslike verstand wat buite die Skrif om uitgedink is. Dit vernietig die leer van die uitverkiesing en verbreek hierdie goue ketting van ons saligheid: Dié wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy geroep; en dié wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en dié wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik (Rom 8:30).

Die eenvoudige waarheid van die uitverkiesing soos wat die Heilige Gees dit aan ons openbaar, is vir ons sondige verstand reeds moeilik om te begryp. Maar ek dink dat hierdie sogenaamde veelsoortige uitverkiesing van die Remonstrante nog moeiliker is om te verstaan. Maar afgesien daarvan dat hulle dwaalleer ingewikkeld is, veroorsaak dit ook nog 'n groot klomp onsekerheid. Byvoorbeeld, volgens hulle dwaalleer kan jy uitverkies wees, maar dit beteken nie dat jy noodwendig die ewige lewe gaan beërwe nie. En ons kan onself maar net indink watter onrus en angstigheid dit by 'n mens kan veroorsaak.

Teen hierdie dwaalleer bely ons: **Die Skrif verkondig immers aan ons net een welbehae, voorneme en raad van die wil van God. Hiervolgens het Hy ons van ewigheid af uitverkies tot die genade, sowel as tot die heerlikheid, tot die saligheid, sowel as tot die weg van die saligheid wat Hy voorberei het, sodat ons daarin kan wandel (Efes 1:4-5; 2:10).** Volgens sy ewige besluit het God sy uitverkorenes uitverkies tot die genade, tot die heerlikheid, tot die saligheid sowel as tot die weg van die saligheid. Dit wil sê, van die ewige besluit af om uit te verkies tot by die laaste oomblik wanneer die uitverkorenes verheerlik word, en alles tussen-in, is God ten volle in beheer. Hy laat niks eers vir oomblik aan die mens oor om self te doen nie. Kom ons luister hoe die Heilige Gees juis hierdie troos aan ons verkondig in ons kernverse.

In hierdie twee verse word die ware gelowiges se verlede, hede en toekoms oopgelê. Voor die grondlegging van die wêreld het God hulle verlossing beplan. Op grond van hierdie besluit het God die uitverkorenes op 'n spesifieke tydstip deur die evangelie tot geloof en gemeenskap met Christus geroep. Deur die geloof het Hy hulle geregverdig en die Heilige Gees omvorm hulle deurentyd tot die beeld van Christus. In die toekoms sal God hulle ook verheerlik – ten volle gelykvormig aan die beeld van sy Seun – sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders.

Die verlossing van die ware gelowiges is verseker omdat dit uit God se ewige besluit voortspruit.

Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun. (Romeine 8:29 AFR53)

Twee sake in verband met ware gelowiges se verlede word hier duidelik. Ten eerste, God het hulle vantevore geken. Hiermee word nie bedoel dat God vanuit die ewigheid die toekoms ingekyk het om te sien wie sou glo sodat Hy hulle kon uitverkies nie. Dan was die uitverkiesing mos van die mens afhanklik – gaan hy glo of nie glo nie. Nee, ons God is soewerein en tree soewerein op. Hy is nie 'n toeskouer van mense se handel en wandel en reageer daarop nie. God besluit wat sal gebeur en dit gebeur soos Hy besluit het.

Aangesien die Nuwe Testament die vervulling van die Ou Testament is en aangesien Paulus self 'n Jood is, sal dit goed wees om te onthou wat die woord *ken* in Hebreeus

beteken. *Ken* in Hebreeus druk baie meer uit as net verstandelike kennis. *Ken* dui op 'n persoonlike verhouding van sorg en toegeneëtheid. Wanneer God mense *ken*, sorg Hy vir hulle en betoon Hy sy liefde en genade aan hulle. *Ken* word dus ook as 'n sinoniem gebruik vir *liefhê*. Wanneer Paulus dan skryf dat God die ware gelowiges vantevore geken het, beteken dit dat God in die ewigheid besluit om 'n sekere aantal mense lief te hê en sy liefde aan hulle te openbaar. Hulle was nie beter as ander mense nie. Inteendeel, hulle is van nature net so sondig soos al die ander mense. Dit sluit aan by wat Moses oor Israel gesê het:

Die HERE het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke. Maar omdat die HERE julle liefgehad en die eed gehou het wat Hy vir julle vaders gesweer het, ... (Deuteronomium 7:7-8 AFR53)

Ten tweede, daardie mense wat die Here in die ewigheid besluit het om lief te hê, het Hy verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun. Toe ons Drie-enige God in die ewigheid sy skepping beplan het, het Hy ook alles besluit wat moet gebeur om die skepping by die punt te bring waar die ganse skepping Hom verheerlik. Die kerndeel van hierdie plan van God om Homself en sy Seun te verheerlik is die verlossing van mense en om hulle te omvorm sodat hulle die beeld van Christus kan vertoon.

Die primêre doel van God se besluit om mense te verlos is nie sodat die ware gelowiges gelukkig sal wees nie. Ware gelowiges sal inderdaad volkome blydskap hê in die ewigheid saam met die Here. God se primêre doel met die verlossing van mense is sodat sy Seun die eersgeborene kan wees onder baie broeders. Dit beteken dat Christus die hoogste eer en lof sal kry en sal uitstyg as die belangrikste bo alle verlostes met wie Hy Homself vereenselwig as sy broers en susters.

Dit is dus God se doel van ewigheid af om Hom en sy Seun te verheerlik, daarom sal hy die uitvoering van hierdie besluit vir geen oomblik in die hande van sondaarmense los nie. En aangesien die ware gelowiges se verlossing 'n kerndeel vorm van God se doel om sy Seun te verheerlik staan die verlossing van sondaars vas – God sal doen wat Hy Homself voorgeneem het. Die ware gelowiges se verlossing is gegrond in God se vermoë om te doen wat Hy besluit het.

Vantevore ken en *vantevore verordineer* is die eerste twee skakels in hierdie ketting van God se werk om gevalle Adamskinders te verlos. Die volgende twee skakels is gebeure wat in die hede met mense gebeur.

Die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig. (Romeine 8:30 AFR53)

In die Nuwe Testament het die werkwoord *roep* of *geroep* twee betekenis. Die eerste betekenis is die algemene roep van mense deur die evangelie. Jesus praat daarvan in Matteus 22:

Want baie is geroep, maar min uitverkies. (Matteus 22:14 AFR53)

Van God se kant af gaan hierdie roep dringend uit tot alle mense dat hulle hulle moet bekeer en die evangelie glo. Maar hierdie oproep is nie doeltreffend by alle mense nie omdat die hart van 'n sondaar so hard is soos klip. Johannes skryf:

Die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liever gehad as die lig; want hulle werke was boos. Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie. (Johannes 3:19-20 AFR53)

Wanneer die werkwoord *roep* in die briewe van die Nuwe Testament gebruik word, word die doeltreffende roep van God bedoel. Wat word met *doeltreffende roep* bedoel? Dit is daardie roep van God wat lewe in 'n geestelik dooie hart opwek en daardie mens reageer op die roepstem van God. Ons sien 'n illustrasie van hierdie roep van God wanneer Jesus vir Lasarus opwek.

Jesus het gesê:

Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie.

(Johannes 11:25-26 AFR53)

Wanneer Jesus dan vir Lasarus opwek deur hom uit die dood en graf uit te roep, illustreer die Heilige Gees die krag van Jesus se roepstem wat geestelike lewe in 'n geestelik dooie hart opwek. Toe Jesus na Lasarus roep, het Hy tegelykertyd lewe aan Lasarus gegee sodat Lasarus op die roepstem van Jesus kon reageer.

Die evangelie word dringend aan alle mense verkondig. Sommige mense draai sommer van die staanspoor af hulle rug daarop oor die hardheid van hulle harte. Andere reageer oppervlakkig daarop soos die saad wat op die rotsagtige plekke en tussen die onkruid geval het. Vir 'n tyd lank lyk dit of hulle geestelik lewendig geword het, maar omdat hulle nie gekry het wat hulle gedink hulle van die Here sou kry nie, raak hulle afvallig. Dan is daar ook die mense oor wie die Here in die ewigheid besluit het om hulle lief te hê en hulle gelykvormig te maak aan die beeld van sy Seun. Die evangelie tref hulle met lewewekkende krag. Die Heilige Gees wek in hulle die nuwe lewe en hulle kom te hore wat Christus vir hulle aan die kruis gedoen het.

Die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig. God verklaar 'n mens alleen geregverdig deur die geloof in Christus. Iemand wat deur God geregverdig verklaar is, is dus vrygespreek. Wanneer God 'n mens geregverdig, verklaar Hy nie sommer maar net dat slegte mense nou goeie mense is of dat hulle eintlik nooit sondaars was nie. Regverdiging van mense is 'n regsuitspraak van God dat die mense wat Hy geroep het nie meer skuldig is oor die oortreding van die wet nie. Christus het in hulle plek die skuld van hulle sondes aan die kruis betaal. Dit is nie gelowiges se geloof wat die regverdiging by God verdien nie. Geloof is die kanaal waardeur God die regverdiging aan die gelowige gee.

In vers 30 noem Paulus nie geloof nie, want Hy beklemtoon dat die verlossing 'n werk van die Here van begin tot einde is. God se doeltreffende roep deur die evangelie veroorsaak dat die Heilige Gees nuwe lewe aan die geroepe mens skenk. En die eerste teken dat die mens die nuwe lewe ontvang het, is geloof in Jesus Christus. En deur middel van die geloof in Christus ontvang die mens regverdiging. Deur die kragtige werk van die Heilige Gees in die gelowige begin die gelowige ook in heiligheid groei, want die Heilige Gees maak hom heilig deur die daaglikse bekering waarin die Heilige Gees die gelowige begelei.

Paulus noem nie die heiligmaking in hierdie ketting nie, want die gelowige mens het 'n verantwoordelikheid in heiligmaking. Hy moet homself daagliks bekeer, alhoewel dit die Heilige Gees is wat hom in sy bekering begelei. In hierdie vyf skakels van die ketting beklemtoon Paulus juis God se handewerk van begin tot einde om daardeur vir die gelowiges sekerheid te gee. Buitendien is heiligmaking by die verheerliking ingesluit, want verheerliking is die finale stap van heiligmaking.

Daar is twee skakels wat Paulus noem in die verlede van 'n ware gelowige – die verlossing van die gelowige is vas en seker, want dit spruit uit God se werk in die ewigheid. Daar is twee skakels in die hede van 'n gelowige. God roep hom en Hy geregverdig hom deur die geloof. Die verlossing van die gelowige is seker, want God het dit in die tyd bewerk.

En nou wys die Heilige Gees vir ons die laaste skakel wat God ook doen:

Die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik. (Romeine 8:30 AFR53)

Om verheerlik te word beteken dat die gelykvormig word aan die beeld van Christus vervolmaak word. Gelowiges gaan nie gode word nie. Die Heilige Gees bring die volle karakter van Christus tot volle ontplooiing in die gelowige. Hierdie verheerliking vind eers plaas wanneer die Seun van God op die wolke van die hemel terugkeer. Dan sal die gelowiges volmaak wees – hulle sal nie sonde kan doen nie, want hulle het dan nie meer 'n sondige natuur nie. Hulle sal so volmaak wees soos Christus.

Alhoewel die verheerliking van die gelowiges nog in die toekoms is wanneer Christus terugkom, is dit so seker dat God dit gaan doen dat Paulus dit nou al in die verlede tyd skryf – **dié het Hy ook verheerlik.**

Geliefdes, ons goeie God het in die ewigheid 'n vaste voorneme uitgespreek en 'n besluit geneem – Hy gaan Homself verheerlik. Hierdie besluit van Hom is vas en bindend en niks sal dit ooit verander nie. Die wyse waarop God Homself wil verheerlik is deur die skepping wat Hy daargestel het. En die kerndeel van hierdie ewige besluit van God is sy Seun aan wie Hy die uitverkorenes gegee het. Omdat God Homself en sy Seun wil verheerlik, kan elke ware gelowige seker wees dat sy verlossing vasstaan, want dit is gegrond in God se besluit om sy liefde aan hom te bewys. In die tyd betoon God sy liefde aan daardie mens deur hom te roep en te regverdig. En omdat God nooit halwe werk doen nie, kan die ware gelowige ook oortuig wees dat God hom sal verheerlik, want Hy wil Homself verheerlik.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 2-4:1, 2, 3 (33:1, 2, 3)

- 1 Wat 'n liefde en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.
- 2 Wat die Heer nog meer vervul het, / bly verborge; tot die stond
al die wonders ons onthul het / van die eewige vree-verbond.
Ja, wanneer die Here kom, / dan word ons gelyk aan Hom,
want ons sal in klare omlyning / Hom aanskou in sy verskyning.
- 3 Wie die Midd'laar se verskyning / inwag uit die heiligdom,
soek van harte die verreining / wat daar uit sy sterwe kom.
Teen die sonde duur die stryd: / "Sonde is ongeregtigheid!
Maar ons lewe uit God gebore, / is tot heilig-wees verkore!"

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
19 Julie 2015